

#5

SKEP 'N

# blokdruk-effek

Met die regte stensil kan jy 'n ou laaikas maklik omtower van *ag siestog* na *allamaskas*!

*Deur* **Nan Day** • *Foto's* **Elza Cooper**
*Stilering* **Amanda van Wyngaardt**

**MEDIUM**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 5/10
**Vaardigheidsvlak** 5/10
**Tyd nodig** 6 uur



## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- 1 liter Annie Sloan Graphite en Country Grey (donkergrys mengsel)
- 1 liter Annie Sloan Svenska Blue (hoofkleur)
- 100 ml Annie Sloan Old White (vir die stensilwerk)
- Annie Sloan Chalk Paint Brush
- 500 ml Annie Sloan Clear Wax
- Annie Sloan Wax Brush
- stensil

**GEREEDSKAP**
- suikerseep
- skraper
- skuurkussinkie
- maskeerband
- sponsroller en verfbak
- stuk karton
- pluisvrye lap

**PROJEKNOTAS**
- Gebruik net een stensil met 'n enkele ontwerp om die blokdruk-effek te verkry – dit vergemaklik die proses heelwat.
- Daar is nog stensilpatrone beskikbaar op Nan se webblad simplyfrench.co.za.

## Só maak jy ...










**1** Verwyder enige stof of vuilis deur jou meubelstuk met suikerseep te was; laat dit droog word. Verf die basislaag met 'n mengsel van Annie Sloan Graphite en Country Grey (omtrent 50:50); voeg 'n bietjie water by, dan verf dit makliker.
**2** Wag tot die verf droog is en wend dan 'n dun laag Annie Sloan Clear Wax aan.
**3** Verf twee lae Annie Sloan Svenska Blue oor die basislaag; laat die eerste laag droog word voor jy die volgende een aanwend.







**4** Wag tot die tweede laag droog is en gebruik dan jou skraper (skraap altyd afwaarts) om van die Svenska Blue te verwyder en die donkergrys laag daaronder bloot te lê. Skraap meer verf af by die hoeke en rande waar dit van nature sou verweer. Werk die verweerde voorkoms gladder af met die skuurkussinkie.

**5** Plak die stensil net by die hoeke met maskeerband vas – sodoende kan jy dit gereeld oplig en kyk of jy tevrede is met jou vordering. Rol jou sponsroller deur Annie Sloan Old White, verwyder enige oortollige verf deur dit eers oor 'n stuk karton te rol, en rol dit dan oor die stensil. Herhaal om die blokdruk-effek te skep.

**6** Skuur liggies oraloor ten einde growwigheid weens die stensilproses te verwyder en dit effens verweer te laat lyk. **7** Vee die stof af en wend 'n laag Annie Sloan Clear Wax met 'n klein Annie Sloan Wax Brush aan; vee deurgaans oortollige was af met 'n pluisvrye lap. Wag tot die volgende dag en vryf dan jou projek goed op met 'n pluisvrye lap.

**KONTAK Nan Day** nan@simplyfrench.co.za, Instagram/simplyfrenchsa